

Inhoud Hierdie preek wys die spesifieke heilsbetekenis van die begrafnis van Christus en dat ons saam met Hom begrawe is. Christus het ons arbeidersposisie in God se skepping begrawe en het ons sy vriende gemaak. Op hierdie wyse in God nie meer ons teenstander nie maar ons hulp en ons krag.

Skriflesing Johannes 15: 9 – 16; Romeine 6: 1 – 11.

Teks Johannes 15: 13: “Groter liefde as dit het niemand nie, dat iemand sy lewe aflê vir sy vriende.

Tema Die Here Jesus is ons hulp en ons krag

1. Ons doen vanoggend nabetragting oor Paasfees oor Christus se begrafnis. Paulus wys ons dat Christus se begrafnis net so belangrike deel van ons verlossing is as Christus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding uit die dood uit is.

Paulus wys dit spesifiek met die woorde: “Ons is deur ons doop saam met Christus in sy begrafnis gedoop.” In Rom. 6: 4 en Kolossense 2: 12. Paulus som die inhoud van die evangelie op in 1 Kor. 15: 1 – 8 op en noem in vers 4 spesifiek dat Jesus begrawe is as 'n deel van die evangelie. Paulus beskryf die Here se begrafnis saam met sy sterwe en opstanding as die wesenlike inhoud van die evangelie. Om ingesluit te wees by die begrafnis van die Here is daarom 'n wesenlike deel van ons verlossing.

Elke deel van Christus se verlossingswerk het 'n eie betekenis wat 'n spesifieke deel van ons verlossing is. Sy geboorte as heilige kind, maak ons heilig; sy lyding vat ons veroordeling weg en laat ons as God se kinders verheerlik word; Sy kruisiging vat god se vloek oor ons weg en laat ons deel in god se seën; sy dood vat God se straf vir ons weg en laat ons in God se beloning leef.

Sy begrafnis het daarom ook 'n eie belangrike betekenis vir ons verlossing wat nie los staan van sy dood vir ons nie, maar tog 'n eie betekenis het. Daarom bevestig Paulus dat ons saam met Christus begrawe is. Daarom bely ons dit ook in die Apostoliese Geloofsbelydenis wat 'n opsomming van die evangelie is dat Jesus is begrawe.

In hierdie preek wil ons dan na hierdie wesenlike deel van ons verlossing kyk: Christus was begrawe en ons is saam met Christus begrawe toe Hy begrawe was.

2. By wie se begrafnis sal u baie graag wil wees? Wie se begrafnis sal u baie graag wil bywoon omdat jy voel, dit is hoe ek dit graag wil hê? Ek sal graag wil sien hoe hierdie persoon se lyk in 'n graf weggesit word, dit toegemaak of toegegooi word en ek sal baie graag op hierdie persoon se lyk 'n grafsteen wil sien!

Hierdie vraag kan mens maklik verras en ontstel omdat 'n mens dadelik aan geliefdes se grafte dink, maar dink 'n bietjie aan al die prominente politieke figure wat ons elke dag teister met hulle brutaliteit, gewetenloosheid en banaliteite! Wat ons elke dag met hulle vyandskap teister!

Die Here Jesus is ons hulp en ons krag

'm Mens sal graag sulke vyand se begrafnis wil sien. Só 'n vyand wat my beveg, getrap en gebreek het se begrafnis sal 'n mooi ervaring wees. Hoekom?

Want met 'n begrafnis gebeur iets wat nie by iemand se dood as 'n werklikheid intree nie. By 'n graf tree die finaliteit van die werklikheid van die dood eintlik vir die eerste keer in: dit is alles verby, niks kan weer gebeur nie en niks kan weer wees nie. 'n Graf verseël die werklikheid van die dood – alles het nou tot 'n einde gekom, dit is verby!

Dit is die eie betekenis van die begrafnis van Christus, sy graf en ons wat met Hom begrawe is: alles is verby!

Wat is verby?

Christus maak 'n baie besondere verklaring in Joh. 15:15. Christus noem sy dissipels sy vriende wat beteken dat elke gelowige 'n vriend van Christus is. Wat Christus sy dissipels nooit genome het en ons nooit sal noem nie is sy slawe. Jou slawe is jou vyande, nie jou vriende nie.

Met hierdie verklaring oor vriendskap wys die Here dat God se vyandskap teen ons verby is en begrawe is met Christus.

3. Wie noem ons sy vriende wanneer Christus ons sy vriende noem?

In die Johannes evangelie is daar geen onduidelikheid oor wie Jesus Christus is nie. Hy is self God. Hy is as Seun van die Vader, die Woord wat in die begin van die skepping daar was en self met God die Vader Skepper was, en deur Christus as Seun van die Vader alles geskep het. Christus is self God die Skepper!

Net so verklaar Christus openlik en duidelik dat Hy self is die Here, "Jahweh" wie Homself in Exodus 3:14 openbaar het as "Ek is wie Ek is". Christus is die God van Israel. Hy, Christus self het hulle uit Egipte bevry, die beloofde land ingelei en hulle as sy volk versorg en lief gehad.

Elke keer wanneer Christus in die Johannes evangelie stel dat Hy is die Lig, die lewende water, die lewende brood, die weg, die lewe, dan openbaar die Here in hierdie verklarings dat "Hy is". "Hy is wie Hy is". Hy is self God die Skepper soos Johannes dit stel in 1 Joh. 5: 22: "Hy is die ware God en die lewe."

Wanneer Christus ons dan sy vriende noem. Is dit God wat ons sy vriende noem. Dit is onbetwis wie ons volgens Christus self is in sy eie woorde dat Hy sy lewe vir sy vriende aflê.

Vriende beteken hier nie maats in die sin van pelle nie. Christus verduidelik die inhoud van hierdie vriendskap met God self as: 1. Dat Hy as Here vir sy vriende wys wie is sy en hulle Vader deur Homself openlik en eerlik aan hulle bekend te maak vir Hy in Homself is, nes vriende met mekaar openlik eerlik is. 2. dat die Here hulle as sy vriende uitverkies het, want 'n mens kies jou vriende. 3. dat in sy vriendskap Hy

Die Here Jesus is ons hulp en ons krag

hulle aangestel het, in die sin van bekwaam gemaak het om Hom en sy vriende lief te hê, as vrug van die Here se vriendskap met hulle en 4. hulle daarom die opdrag gee as sy vriende om almal wie sý vriende is, ook lief te hê.

4. Christus is begrawe! Ons is die Here se vriende!

Om iemand te wil begrawe is vyandskap, nie vriendskap nie! 'n Mens wil nie vriende begrawe nie, 'n mens wil jou vyande begrawe.

Wanneer Christus verklaar dat Hy sy lewe vir hulle as sy vriend aflê, beteken dit in die Johannes evangelie, dat Hy gaan ly en sterf onder die oordeel van God dat Hy 'n sondaar is. Jy lê onder die oordeel van God in my plek sy lewe af en word onder die oordeel van God in my plek begrawe.

Paulus wys dat ons in Christus se dood begrawe is as die wyse waarop God 'n einde aan ons sondige natuur gemaak het. Dit is die bron en gronde van God se vyandskap teen mense – hulle wat God volgens hul sondige geaardheid altyd as die mens se vyand sien en hanteer. Paulus stel dit só in Rom. 8: 7: “Die denke van die sondige aard is vyandskap teen God.” God is nie sy skepping se vyand en die skepping staan nie in vyandskap teenoor God nie. God het sy skepping goed gemaak en is en bly goed vir sy skepping, ook vir hulle wat hul self tot sy vyande maak om hul sonde as hul liefde te ervaar. (Mat. 5:45)

God is egter ook goddeloses se vyand. Hy tree as vyand op deur hulle wat Hom vyand gemaak het. Dit is wie God geword het vir die deel van Israel wat Hom in sy liefde verwerp het en Hom hul vyand gemaak het om hul afgode en goddeloosheid te regverdig. Klaagliedere 2: 5 “Die Here het soos 'n vyand geword, Hy het Israel vernietig, Hy het al die wonings vernietig, die vestings verwoes, Hy het ellende op ellende oor Juda gebring.”

God beveg en breek sondaars se vyandskap teen hom as Skepper. Dit doen God deur sy vyande sy slawe te maak. Daarom is die teenstelling van vriende van God, God se slawe. God maak sy vyande sy slawe.

Slawe het geen eie wil, eie mag, eie krag, eie lewe of eie voorspoed nie. Alles wat hulle is, is hulle as slawe van hulle oorheersers. Só onderwerp God almal wie Hom nie lief het nie, as sy slawe! Só beveg en breek die Here sy vyande. Hy maak hulle sy slawe.

In Christus se begrafnis sien ons wie is deur God in sy vyandskap gebreek en begrawe – nie ons nie maar Christus!

5. Christus sê dat Hy sy dissipels nie sy slawe noem nie. (15:15) Hy maak hulle nie soos ongelowiges slawe wat nie weet wie god is en hoe God hulle sonder hulle wil, liefde en toewyding gebruik nie. God breek sy vyande só in hulle goddelose wil en krag dat Hy hulle willoos aan sy mag onderwerp.

Christus lê sy lewe vir hulle as vriende af. In Christus se graf word God se vyandskap teen gelowiges vir altyd begrawe en vrede gebring. In Christus word sy kinders se vyandskap teen hom ook begrawe sodat hulle sy vriende kan wees. Deur 'n einde te maak aan sy vyandskap breek die Here nie die wil, lewe, krag en karakter

Die Here Jesus is ons hulp en ons krag

van sy kinders nie, maar hulle sondige aard. In Christus begrawe god vir altyd sy vyandskap teen gelowiges en skep vir hulle 'n vrede wat nooit weer gebreek kan word deur hulle sondes nie. God het vrede geskep deur sy vyandskap en ons vyandskap in Christus te begrawe. Daardeur bring Christus sy vredesheerskappy as Messias tot stand soos verwoord in Jes. 9: "Want 'n kind is vir ons gebore. 'n Seun is aan ons gegee. Die heerskappy is op sy skouer. Hy word genoem: Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Vir die uitbreiding van heerskappy en vir vrede sonder einde ..."

In Christus se begrafnis ontdek ons dat God is ons vriend, 'n vriend is iemand wat jou altyd help en versterk. In sy begrafnis word God ons Hulp en ons krag. Die Here help my en gee my die krag om Hom lief te hê en te dien. Hy sal nooit weer vir my as gevolg van my sondes my teenstander word nie. Hy sal my nooit weer in my wil, my persoon, my lewe as mens beveg, vertrap en breek om 'n slaaf van sy mag en wil te word nie.

Omdat al my vyandskap teen God in Christus begrawe is, laat die Here my nou in 'n vrede met Hom leef waar Hy my hulp en krag is, 'n vrede sonder einde.

6. Paulus kondig einde van vyandskap en die begin van vrede met God aan in rom. 5: 1 en 10: Omdat ons nou op grond van ons geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus ... As ons, toe ons nog vyande was, met god versoen is deur die dood van sy Seun, hoeveel meer sal ons deur sy lewe verlos word nou dat ons met hom versoen is."

God het ons vyandskap net God in Christus se dood begrawe.

Ons moet hierdie ontdekking in die evangelie maak: God is nie my vyand nie, ook nie as ek sonde doen nie. Die Here noem my sy vriend, ook met my sondigheid. Hy beveg en vertrap my nie oor my sondes en sondigheid nie. Hy is my hulp en my krag om hom weer en weer te kan lief hê en dien.

Ons leef met die Here in 'n vrede sonder einde, 'n vrede wat ons sondes nooit weer die rede vir vyandskap tussen ons en god kan maak nie.

7. Ons moet die misvorming van Christus se begrafnis ontdek in dit wat vandag as die bekeringsdoop verkondig word.

Hierdie doop word verkondig as die manier waarop jy saam met Jesus begrawe word. Wanneer jy in die water ingaan en onder die water in gedoop word, vertel hulle dat dit die wyse is waarop jy jouself begrawe in Jesus se dood in.

Wat moet jy doen om jouself in Jesus se dood in te begrawe. Hulle voorvereiste is altyd en orals in die hele wêreld dieselfde: jy moet jouself en jou eie-ek doodmaak, jy moet jou eie wil afsterf, jy moet jou eie belange afsterf, jy moet jouself aan God oorgee en onderwerp, jy moet aanvaar dat jy die geveg teen God verloor het soos Jakob en dat God jou ingebreek en gewen het. Jy moet aanvaar dat God jou getrap het tot jy niks is nie en dat jy jouself nou aan God oorgee om jou eie wil, lewe, krag en karakter in sy graf te begrawe.

Die Here Jesus is ons hulp en ons krag

Met wie doen God dit? Om hulle willoos, selfloos, leweloos en karakterloos aan Hom oor te gee? Met sy vyande! Dit is hoe hy sy vyande sy willose slawe maak. Om te só te gaan leef, is om as God se vyand, as sy slaaf te gaan leef.

Ons is nie God se vertrapte en in gebreekte willose, lewelose, ek-lose, karakterlose slawe nie. Ons is God se vriende wat in die vrede lewe dat Hy in ons plek as vyand van God begrawe is sodat Hy ons hulp en Krag is en nooit ons inbreek onder sy mag nie.

Ons is saam met Christus in God se vyandskap teen Hom begrawe sodat God ons Hulp en Krag is en ons nooit trap en inbreek nie. Ons vertrap nie, breek onself nie en gee onself nie oor om self vrede met God te skep nie.

Ons leef nou met God, ook wanneer ons sonde doen, in 'n vrede met God sonder einde in Christus.